Erediens: **4de Sondag na Trinitatis**
Gelewer: **23 Junie 2024 in Kroondal**
Preekteks: **1 Samuel 24, 1-20**
Prediker: **Pastor Horst Müller**

***Liedere in die Erediens**:*
***Maandlied** Liedboek 547 Alle volke, klap jul hande*
EG495 1,3-6 O gott, du frommer Gott
Felsisa 51 Gott und Vater, nimm jetzund (Melodie EG206)
EG200 1,2,5 Ich bin getauft
EG612 1-5 Herr, gib mir Mut zum Brückenbauen

Dawid in die woestyn by En-Gedi
[1]Dawid het toe daarvandaan opgegaan en in die bergskuilings by En-Gedi gaan bly.
[2] Nadat Saul teruggekeer het vanwaar hy die Filistyne agtervolg het, is daar aan hom berig gebring: "Kyk, Dawid is in die woestyn by En-Gedi." [3] Saul het drieduisend uitgesoekte manne uit die hele Israel geneem en gegaan om by Suree-Hajjeëlím na Dawid en sy manne te gaan soek.[4] Op pad het hy by die veekrale aangekom, waar daar 'n grot was. Saul het daar ingegaan om sy voete te bedek. Dawid en sy manne het in die agterste deel van die grot gesit.
[5] Die manne van Dawid sê toe vir hom: "Kyk, dit is die dag waarvan die Here vir jou gesê het, 'Kyk, Ek gaan jou vyande in jou hand gee.' Maak dan met hom soos jy goeddink."
Dawid het opgestaan en stilletjies 'n soom van Saul se mantel afgesny. [6]Maar daarna het Dawid se gewete hom gepla, omdat hy 'n soom van Saul se bokleed afgesny het. [7] Hy het vir sy manne gesê: "Mag die Here my daarvan weerhou dat ek ooit so iets doen aan my heer, die gesalfde van die Here, deur my hand teen hom uit te steek. Hy is immers die gesalfde van die Here." [8] Met dié woorde het Dawid sy manne berispe en hulle nie toegelaat om teen Saul op te staan nie.Saul het opgestaan, uit die grot gegaan en koers gekry. [9] Daarna het Dawid opgestaan en uit die grot gegaan. Hy het agter Saul aan geroep: "My heer die koning!" Toe Saul omkyk, kniel Dawid met sy gesig na die grond en buig diep neer.[10]Dawid sê toe vir Saul: "Waarom luister u na die woorde van mense wanneer hulle sê, 'Kyk, Dawid is daarop uit om u kwaad aan te doen'? [1]1Kyk, u het vandag met u eie oë gesien dat die Here u vandag in die grot in my hand oorgegee het. Iemand het gesê ek moet u om die lewe bring, maar ek het u jammer gekry. Ek het gesê, 'Ek sal nie my hand na my heer uitsteek nie, want hy is die gesalfde van die Here.' [12] En, my vader, kyk, ja, kyk hier, die soom van u mantel is in my hand. Want toe ek die soom van u mantel afgesny het, het ek u nie om die lewe gebring nie. Besef dan en sien in dat ek nie kwaad en opstand in die oog het nie. Ek het nie teen u gesondig nie, maar u maak jag op my om my lewe te neem. [13] Die Here sal oordeel tussen u en my, en die Here sal my op u wreek, maar my hand sal nie teen u wees nie. [14]Soos die ou spreekwoord sê," 'Uit goddeloseskom goddeloosheid voort.'"My hand sal nie teen u wees nie.[15]" Agter wie aan het die koning van Israel uitgetrek? Wie is u besig om te agtervolg? U is agter 'n dooie hond aan, agter een vlooi aan! [16] Mag die Here regter wees; mag Hy oordeel tussen u en my; mag Hy kennis neem en my saak verdedig; mag Hy my reg handhaaf deur my uit u hand te red. "[17] Toe Dawid hierdie woorde klaar vir Saul gesê het, het Saul gevra: "Is dit jou stem, my seun Dawid?" Saul het hardop begin huil [18] en vir Dawid gesê: "Jy is regverdiger as ek, want jy het aan my goed gedoen terwyl ek aan jou kwaad gedoen het. [19]Jy

het dit vandag duidelik gemaak dat jy aan my goed doen, dat die Here my in jou hand oorgelewer het, maar dat jy my nie om die lewe gebring het nie. [20] *As iemand sy vyand teëkom, laat hy hom ongedeerd wegkom? Die Here, Hy sal jou met die goeie beloon vir wat jy vandag aan my gedoen het.*

Moed en vertroue in God
Dit is wat ek die onderwerp vir vandag wil noem.
Moed – Dawid, wat agter nader aan Saul sluip, en 'n soom van sy mantel afsny.
Moed – Dawid, wat nie na sy vriende luister en doodmaak nie, maar getrou is aan sy gewete.
Moed - Dawid, wat dan vir Saul toeroep: Ek bedoel jou geen kwaad nie, wetende dat dit vir Saul 'n klein ding sou wees om sy 3 000 man die grot te laat bestorm.

En **vertrou op God**.
Op hierdie stadium is Dawid lankal as koning gesalf – wel in die geheim, maar dit het gebeur. Hy gee egter nie voor dat hy koning is nie.
Hy is reeds getroud met Saul se dogter en het Saul se seun Jonatan, die troonopvolger, as sy beste vriend.
Hy is reeds die held van die mense. Hulle duld Saul steeds, maar respekteer Dawid baie meer.
Die gevolgtrekking van Dawid se vriende is heeltemal logies: net Saul staan in jou pad. Nou het die Here hom in jou hand gegee. *Carpe diem* - gryp die oomblik aan, doen wat dit verg, maak hom dood.
En dit is juis op hierdie stadium dat Dawid besluit, om nie Saul se lewe te neem nie, maar om op God te vertrou. God weet, wanneer die gesalfde gekroon moet word. Nie nou al nie.

Terwyl Dawid **moed en vertroue in God** toon, toon Saul **woede en vertroue in krag**. Hy het reeds verstaan dat David sy opvolger sal wees, en wil dit steeds ten alle koste verhoed. Saul word dus deel van ’n byna eindelose linie van heersers, wat ten alle koste aan hul mag wil vashou, ongeag wat die prys. En wanneer hierdie magsbeheptheid met woede gepaardgaan, word opponente eenvoudig doodgemaak, ongeag hoeveel ander in die proses sterf nie.
Terloops, ons weet dat Dawid ook later as koning hierdie kant gewys het. Hy het sy minnares, Batseba, se man, laat vermoor (en sy bataljon, vir die skyn, saam met hom) om sy aansien te red. Al wat ek daarmee wil sê is: Selfs diegene wat vandag moed en vertroue in God aan die dag lê, kan môre in woede en mag vertrou verval!

In hierdie verhaal wys Dawid vir ons wat in die Epistel lesing geskryf staan: Moenie toelaat dat julle deur die kwade oorwin word nie, maar oorwin die kwade deur die goeie. Wat julle aanbetref, leef in vrede met almal. Moenie kwaad met kwaad vergeld nie, maar soek goeie vir alle mense.
Ons kan uit hierdie storie sien hoe moeilik dit soms kan wees. Saul was nie meer 'n goeie koning nie, die volk moes ly onder sy heerskappy – en tog besluit Dawid om hom nie dood te maak nie. Terselfdertyd gee hy Saul nie vrye teuels nie, maar wys hom eerder tereg.
Moed en vertroue in God is nie vir lafhartige mense nie – jy moet die moed hê om die regte ding te doen wanneer kort, vinnige uitweg so aanloklik logies voor jou lê. Dit verg moed, om kwaad met goed te oorwin.

Jesus het dit vir ons gewys. Toe hy aarde toe gekom het, hier gewoon het, was hy reeds die Seun van God. Hy kon dit dadelik bewys het, toe die duiwel hom in die versoeking gely het, kon homself dadelik as koning laat kroon – en sodoende sy doel gemis het.
Toe hy aan die kruis gehang het, kon hy gedoen het wat die Mede gekruisigde voorgestel het: Klim af! Jy kan dit doen. Maar hy het dit tot op die einde verduur – omdat hy die dood wou oorwin, en omdat hy wou hê ons moet deel wees van daardie oorwinning.
Ek weet nie, watter uitdagings voor jou lê nie – waar jy besluite moet neem, wat groot gevolge kan hê. Ek hoop dat jy ook dan moed en vertroue in God het - moed om die goeie te doen, vertroue op God, dat God sy pad met jou sal gaan, al is daar baie wat op die oomblik blykbaar daarteen spreek!

Amen

Horst Müller, hmuller@nelcsa.net